# BASAAR – Bestellings sluit nou Woensdag 22 Julie

## Lourensrivier Gemeente
## Wegneemete- basaar
## Saterdag 1 Augustus 11:00-14:00

### HOE BESTEL EK?

Plaas jou bestelling deur 'n WhatsApp of SMS te stuur na 0825605283 voor of op **Maandag 20 Julie**. Of stuur 'n epos na admin@lourensrivier.co.za. Stuur jou naam/van en bestelling. Jy sal 'n verwysingsnommer kry wat sal bevestig dat ons jou bestelling gekry het.

**Woensdag 22 Julie**

### HOE BETAAL EK?

- EFT - NGK Lourensrivier. ABSA Bank Strand, Rek.nr 420580231 Tak 334312 met jou naam en basaar (of jou basaar-verwysingsnommer) as verwysing. Stuur bewys van betaling na fin@lourensrivier.co.za.
- Kontant op 1 Augustus - Jammer, geen kleingeld, korrekte bedrag moet in 'n koevert wees.
- Kaartfasiliteit op 1 Augustus in Kerkkantoor beskikbaar.

### AFHAAL VAN BESTELLINGS:
### Saterdag 1 Augustus 11:-00 - 14:00

- As jy reeds betaal het en jou verwysing het, tel jou bestelling by die kerksaal op.
- As jy nog moet betaal, doen dit in die kerkkantoor - kontant (in 'n koevert) of kaart.

---

Dit is so maklik soos....1...2...3...4

1...Kyk na die spyskaart, wat gelaai is met die lekkerste tradisionele basaar eetgoed.

2... Stuur jou bestelling ***(voor of op Woensdag 22 Julie)*** per SMS of WhatsApp na 0825605283 (Onthou jou naam en van saam jou bestelling). Of stuur 'n epos na admin@lourensrivier.co.za
**Jy sal 'n verwysing kry om te bevestig dat ons jou bestelling ontvang het**.

**3...Maak 'n betaling**
**OPSIE 1 -** EFT – Gebruik jou unieke basaar verwysingsnommer (of jou naam en basaar) en stuur bewys van betaling na fin@lourensrivier.co.za.
**OPSIE 2 -** Saterdag 1 Aug: Kontant in 'n koevert (jammer geen kleingeld) of per kaart in die kerkkantoor.

4...Kom kry jou bestelling by die kerksaal op Saterdag 1 Augustus tussen **11:00 en 14:00**

# SPYSKAART
# "Wegneemete Basaar"
# Lourensrivier-Gemeente
# SATERDAG 1 AUGUSTUS

Stuur jou bestelling na 0825605283. Onthou jou naam, van en wat jy alles wil bestel.

| ITEM | SOORTE | PRYSE |
|---|---|---|
| **Beskuit** (500g) | Karringmelkbeskuit | R45-00 |
| | Gesondheidsbeskuit | R45-00 |
| | Boerebeskuit | R45-00 |
| **Kleinkoekies** (250g) | Gemengde Koekies | R25-00 |
| | Vlakoekies | R25-00 |
| | Koffiekoekies | R25-00 |
| **Skons** | 5 in houer | R30-00 |
| | 10 in houer | R60-00 |
| **Pannekoek** | | R6-00 |
| **Hamburgers & Chips** | Hamburger | R30-00 |
| | Chips | R15-00 |
| | Hamburger & Chips | R40-00 |
| **Vetkoeke** | Vetkoek met maalvleis | R25-00 |
| | Vetkoek sonder vulsel | R10-00 |
| **Boereworsrolle** | | R20-00 |
| **Poedings** | Tradisionele Basaarpoeding | R15-00 |
| | Malvapoeding met vla | R15-00 |
| **Bobotie en Geelrys** | | R55-00 |
| **Lasagne** | | R30-00 |
| **Patat** | | R20-00 |

**Geen eredienste of byeenkomste in kerkgebou tot verdere kennisgewing**

Weens die hoë risiko van infeksie in die Wes-Kaap sal daar vir Junie nog geen eredienste of byeenkomste in die kerkgebou wees nie. Ds. Petrie, Charlene en Riata werk van die huis af en kan enige tyd gekontak word. Mense wat graag wil help met kospakkies of donasies/gelde/dankoffer kan ons kontak en 'n afspraak maak om dit by die kerkkantoor af te gee.

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: petrie@lourensrivier.co.za
Charlene 082 384 4037 e-pos: fin@lourensrivier.co.za
Riata 082 560 5283 e-pos: admin@lourensrivier.co.za



# Kniewerk

- **Voorbidding vir :**
  - Dawid Roux - bid vir herstel, gesondheid
  - Annamarie Traut – gesondheid
  - Alfred Champion – in hospitaal
  - Elsabé Dreyer – ernstig siek

- *Ons bid vir ds. Petrie vir sy boodskap.*
- *Spesiale gebed vir elkeen wat siek is, in die hospitaal is, moet gaan vir mediese toetse of reeds die uitslag van die toetse gekry het.*
- *Ons bid vir ons land en sy mense, die president, die medici en leiers.*
- *Ons bid vir 'n kuur vir die Korona-virus.*

## *Sendelinge in Mosambiek*

*Ons doen voorbidding vir Andre en Anna-Marie Thiart, sendelinge van Mosambiek.*

*Ds. Petrie het Donderdagoggend met Andre gesels. Dit gaan goed met hulle onder omstandighede. Dit is nog veilig waar hulle is en waar hulle rondbeweeg.*

*Ons bid spesifiek ook vir die onrus-situasie in Mosambiek.*
*Ons bid dat Andre en Anna-Marie veilig sal wees, dat die Here hulle sal bewaar en sal gebruik in die tyd.*

*Andre en Anna-Marie se gebedsversoek sluit in:*
- *Die kinders by die hoërskool*
- *Die onrus situasie*
- *Korona en alles wat daardeur beïnvloed word*
- *Al die mense wat ontwortel is*
-

*Danksegging:*
- *Dat ons deur genade steeds gesond is.*
- *Dat ons deur die genade nog veilig is.*



**Andre & Anna-Marie Thiart, Quionga, Mozambique**
Epos: *thiartaa@gmail.com*
Facebook: Makwe Mission - http://www.facebook.com/#!/MakweMission
Webblad: https://www.mission4x4.co.za/MakweMission

*Lifeline vroue oggend is hierdie jaar aanlyn - niks gaan ons keer nie.*

*Bespreek nou om deel te wees van 'n wonderlike oggend.*

*Kontak Tijane Visser 083 287 0954 vir meer inligting.*




## Ons 80 + Verjaarsdae vir Julie



# JEUG!!!!

**Skakel Sondae in (ZOOM) tussen 18:00 en 18:40.**

**Besoek ons Faceboek-blad vir meer inligting – Lifeline Youth**




## BEHOU DIE HUMOR



**BID: Decoligny (2020-07-14)**

**BID:**

- Soos in die meeste gemeentes, word daar geen eredienste in Decoligny gemeente gehou nie. Omdat baie van die lidmate ver van die dorp bly, is daar baie min of geen Data ontvangs nie, wat veroorsaak dat dit baie moeilik is om enige preek boodskappe by die lidmate uit te kry. Bid dat die lidmate geestelik sterk sal bly in hierdie onseker tyd, dat hulle nie in hul geloof sal verslap en lou en koud word nie.
- Bid dat die lidmate in hierdie tyd sal vashou aan die Here en sal toelaat dat Hy deur sy Gees in hulle lewens werk en hulle geloof versterk.
- Bid vir die situasie rakende Covid-19 in daardie gebied. Die inligting wat ons kry, dui daarop dat baie van die mense geen erg het aan die dra van maskers of die hou van sosiale afstand nie. Begrafnisse en byeenkomste gaan voort; daar word selfs gepraat van sokker wedstryde wat in die woonbuurte gespeel word.

**INLIGTING**:

- Van die kinders van Sinethemba het reeds begin terugkom na hul vakansie. Voordat 'n kind die gronde van Sinethemba mag binnekom, word hy of sy eers na die kliniek geneem om vir Covid-19 getoets te word. Mama Felicia vertel dat daar talle kantore en winkels in die dorp is wat gesluit is as gevolg van Covid-19. Die meeste skole het nog nie heropen nie en van die skole wat reeds leerlinge in sommige Grade ingeneem het, is weer gesluit omdat personeel en leerlinge positief getoets is.
- Die onwettige grondbesetting op Decoligny gaan voort. Omdat die Hofsaak rakende die grondbesetting nog moet plaasvind, kan nog geen verdere besluite oor die toekoms van die gronde geneem word nie.
- Die Silowa Konferensie Sentrum van die Sinode is heeltemal afgebreek en niks het oorgebly van enige gebou nie.

**DANK:**

- Ons is dankbaar dat die Kerkraad reeds heelwat herstelwerk by Bet-El gedoen het na die inbraak daar. Daar is ekstra veiligheidshekke opgesit en by die ander hekke is versterkings aangebring. Die diefwering voor die vensters is ook versterk.
- Sam se studies gaan voort. Hy het reeds een taak ingestuur en die volgende moet in Augustus ingehandig word. Dan het hy ook by die Theological Education by Extension College geregistreer waar hy Grieks en Hebreeus gaan studeer.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154
wgpbotes@gmail.com

# Depressie en Kovid-19




## Sien raak. Luister tussen die lyne.

Asseblief, ons het regtig nie nóg negatiewe nuus nodig nie. Maar die aanhaling uit die berig in die *Vaalweekblad* van 8 Julie 2020 deur Retha Fitchat, onderstreep die noodsaaklikheid dat ons nie meer net kan let op maskers, hande was en sosiale afstand nie:

*'n Vaalweekbladleser, mev. LV, skryf in 'n hartroerende boodskap op Vaalweekblad Facebook dat sy bekommerd is oor haar man se gemoedstoestand en vrees dat hy sy lewe gaan neem. "Dinge raak vir my man ook nou te veel. Hy ly aan erge depressie. Hy werk net een of twee dae per week en daarby is sy vergoeding met 7.5% gesny. Ek slaap bykans nooit nie sodat ek hom kan dophou. Dit is nie 'n lekker ding nie en mense wat nie saam met so 'n persoon lewe nie, besef nie hoe hard en hartseer dit is nie. Bid asseblief vir ons."*

*Sielkundiges raai gesinslede van mense wat duidelik in 'n diep depressie is, aan om so gou as moontlik mediese en beradingshulp te kry.*

Wees man- of vroumoedig. Praat oor jou emosies en swaar of spits jou ore en hoor waar jy ander kan help. Asseblief. Dis regte ding om te doen.

### Augustus se LiG nou uit

Die Augustus-uitgawe van die tydskrif word opgedra aan elke ouma en oupa in Suid-Afrika wat tans in afsondering, en dalk eensaamheid, tydens die COVID-19-pandemie leef. Daar is wenke vir kuberkuiers met kleinkinders. Bekende kokke en huiskokke soos Tiaan Langenegger vertel hoe sekere geure en geregte herinneringe aan 'n geliefde ouma oproep.

Lees ook voorbladvrou en immergewilde sangeres Anneli van Rooyen se woorde van vertroosting.

LiG is nou landswyd by jou naaste winkel beskikbaar.





# Geestelike Video-boodskappe: Ds. Petrie

**Sondag 12 Julie**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=fJ2tWepC5-8
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Rom_8v1-11.pdf
**Sondag 05 Julie**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=22J6IOG0Hn4
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_11v16-19__25-30.pdf
**Sondag 28 Junie**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=yuUfX_0wuu0
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_10v40-42.pdf
**Sondag 21 Junie**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=4YqhCE1jeMg
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_10v24-39.pdf
**Sondag 14 Junie**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=pbjMSrcsmyE&t=5s
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_9v35-10v8.pdf
**Sondag 7 Junie 2020**
**Video**
https://www.youtube.com/watch?v=X0J-2RHaWQY&t=10s
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Gen_1_-_2v4.pdf

## PINKSTER 2020

**Sondag 31 Mei**
**Video:**
https://www.youtube.com/watch?v=-MOoS0eR5HE
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20v19-23_-_Pinksterfees.pdf
**Vrydag 29 Mei**
**Videoboodskap**
https://www.youtube.com/watch?v=5KF2AsX3R3Y
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_3v14-22_-_Laodisea.pdf
**Donderdag 28 Mei**
**Videoboodskap**
https://www.youtube.com/watch?v=khbZG9J5b6g
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_3v1-6_-_Sardis.pdf
**Woensdag 27 Mei**
**Videoboodskap**
https://www.youtube.com/watch?v=qdCkDyFT1Lc&t=128s
**Geskrewe Boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v18-29_-_Tiatira.pdf
**Dinsdag 26 Mei**
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=HjVGC6cnAy0&t=2s
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v8-11_-_Smirna.pdf
**Maandag 25 Mei**
Videoboodskap
https://www.youtube.com/watch?v=XCw56rE-7iE
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/Openb_2v1-7.pdf
**Sondag 24 Mei**
Video
https://www.youtube.com/watch?v=pEvJbS_7tgU
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_5v6-11.pdf

**HEMELVAART Donderdag 21 Mei**
**Video boodskap**
https://www.youtube.com/watch?v=R0sc2tNHeJg
**Geskrewe boodskap**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Efes_1v15-23_Hemelvaart_2020.pdf
**Sondag 17 Mei**
https://www.youtube.com/watch?v=dZnLU3ccP7U&t=1s
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_3v18-22.pdf
**Sondag 10 Mei**
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=79R_0qwhw38&t=8s
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v1-10.pdf
**Sondag 3 Mei**
Video boodskap
https://www.youtube.com/watch?v=pUa0Prgq-AM
Geskrewe boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v18-25.pdf
**Sondag 26 April**
Video Boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=d5LEiVf8F0k&fbclid=IwAR2KqwwIVKXZBNtP88qHcSVZYTAfrfOPisNKZgPAb9mMIxYhetpwJzlbZdI
Geskrewe Boodskap
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v17-23.pdf
**Sondag 19 April:**
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRYiKbGoAVWSdivAExp_J_ZqlUAuWmR6-BSx13umqVI
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v3-9.pdf
**Sondag 12 April - Paasfeesboodskap**
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=DpBxPZIXYCU&t=7s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20_Paasfees_12_April_2020.pdf
**Vrydag 10 April – Goeie Vrydag**
Video-boodskap:
https://www.youtube.com/watch?v=kGQtludZ7W0&t=108s
Geskrewe-boodskap:
https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes_52v13-53v12_-_Goeie_Vrydag_10_April_2020.pdf
**Sondag 5 April**
https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_21v1-11.pdf

## Geestelike Video-boodskappe: Ds. Bas Peters




**Sondag 29 Maart 2020**

https://www.lourensrivier.co.za/images/27_Maart_2020.pdf

**Sondag 22 Maart 2020**

https://www.youtube.com/watch?v=-lkPtfXaQjM&t=6s

https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar_is_God_met_corona_virus_2020.pdf

## VIDEO BOODSKAPPE TIJANE VISSER – LIFELINE YOUTH



https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1157518824703242/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1413841942157130/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/383281039315692/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/2490840547824441/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/284822782563887/https://www.facebook.com/watch/?v=1115449375492358
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/310083456669414/
https://www.youtube.com/watch?v=HI5G11tPXFQ
https://www.youtube.com/watch?v=0mwHw-7wWwI
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2471590529819546/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/808790379644355/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjEyNDc2MjQyMjU2MjU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1112247929136933/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2553854564897562/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjAzNDAyNTc2NDk2OTU3/
https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1846330268835861/
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2878453418916592/UzpfSTEwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMTkxNDUxOTc0MzU4Njg0/

## VIDEO BOODSKAPPE CONSTANT VARLEY – LIFELINE YOUTH



https://www.facebook.com/watch/?v=217312626216227

## VIDEO BOODSKAPPE ADRIAAN LAMBRECHTS



https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/838826366640430/UzpfSTE3MDA5NzE5MDAxMzk2MDE6MjU3MDk1OTY2NjQ3NDE0OQ/
https://www.youtube.com/watch?v=SuPSmw73Yks&t=23s

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / https://www.lourensrivier.co.za/
Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /
https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings
Lifeline Youth https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/

# NUUSBROKKIES

## Helderberg help klein sakeondernemings

Helderberg Uitreik se COVID-19-Rampverligtingsfonds ontvang tans aansoeke van klein sakeondernemings of praktyke wat bystand benodig om te verseker dat hul werkomgewing aan die regering se standaarde voldoen om besigheid te doen. Dié fonds kon, te danke aan wonderlike ondersteuning en bydraes uit die gemeente en gemeenskap, sedert die begin van die inperking reeds meer as R425 000 uitbetaal aan individue, klein besighede, organisasies, sopkombuise en vennote wat kospakkies verskaf.

Met die heropening van die ekonomie verskuif die fokus nou na die volhoubaarheid van klein sakeondernemings om weer 'n inkomste te verdien.

Stuur gerus 'n e-pos aan Chris Eager VATig@outlook.com vir 'n aansoekvorm.






## Merweville kunsveiling

Johan Hattingh van Merweville-gemeente laat weet dat hulle allerhande ander planne moes maak om fondse in te samel, aangesien COVID-19 hulle jaarlikse Dankfees 'gekaap' het. Een van hulle planne is 'n aanlyn kunsveiling met meer as 30 skilderye wat vir dié doel aan die gemeente geskenk is. Volledige besonderhede is op die gemeente se Facebook-blad te kry.

"Die veiling loop nog net tot 31 Julie 2020 - so ondersteun ons asseblief en stuur u aanbod aan!" Kontak vir Johan Hattingh by 084 655 5789 of johanria@pawireless.co.za.

# *Ek deel graag…*



Foto: Riata Nel

*Die hemel se sluise is oop. Dit reën. Dit reën in Namakwaland en in die Karoo, in Stellenbosch en in Strand. Die Wes-Kaap is nat, die aarde is deurnat. Video's op Facebook wys hoe water vloei – riviere wat vir jare droog was, vloei weer. Daar is lewe!*

*Ek word net weer herinner aan die feit dat God altyd daar is. Op Sy tyd. Op Sy manier.*

***God se tyd. Nie my tyd nie.***

*Die Kovid-19 krisis het ons lewe kom omdop. Baie se lewe het oornag in 'n droë rivier ontaard, ons smag na water, na 'n druppel reën van hoop. Hou aan bid en glo. Beweeg nader aan God. Sy tyd. Nie my tyd nie. Wanneer die tyd reg is, sal die water weer op die dor aarde vloei en als deurnat.*

*Kyk hier na van die video's van hoop en wonderwerke!*

https://www.facebook.com/aj.drotschie/videos/pcb.2650000301879197/914838929013246/?type=3&theater

*Foto's onder: Geleen van bogenoemde FB video. – Skermgrepe van die video's.*

